
Hoërskool Curro Durbanville
bied met trots aan

# *Nou praat jy!*
# REDENAARSKOMPETISIE

## DEELNEMERSGIDS

## 2026





NOU PRAAT JY!
REDENAARSKOMPETISIE

CURRO
DURBANVILLE

curro.co.za

# SPANREDENAARS

Ouwywepraatjies dra net meer waarde waar twee monde saamspan …

Hoërskool Curro Durbanville bied aan ***Nou praat jy!***, 'n unieke nasionale redenaarskompetisie vir spanne van twee. Gedurende die toespraak word beide spanlede geëvalueer. En wat is die tema? *Kyk noord!*

Die fokus lê op die sentrale boodskap wat oorgedra word, sowel as die spontane interaksie tussen die twee spanlede wat met verskillende idees eindelik uit dieselfde mond praat.

Kreatiewe taalgebruik, idiome en nuutskeppings word aangemoedig.



# TEMA

Kyk noord!

# TIPE TOESPRAAK

Oorredend, vermaaklik of motiverend.

# KATEGORIEË

1. **Afrikaans Huistaal Juniors:**

   ’n Span mag uit leerders in graad 8 en/of 9 bestaan. Leerders wat in die kategorie inskryf, se huistaal moet Afrikaans wees. Leerders wat Afrikaans tuis praat, moet onder Huistaal ingeskryf word, ongeag of hulle Afrikaans Eerste Addisionele Taal as vak neem.

2. **Afrikaans Eerste Addisionele Taal Juniors:**

   ’n Span mag uit leerders in graad 8 en/of 9 bestaan. Leerders wat in die kategorie inskryf, se huistaal mag nie Afrikaans wees nie. Leerders wat Afrikaans tuis praat, moet onder Huistaal ingeskryf word, ongeag of hulle Afrikaans Eerste Addisionele Taal as vak neem.

3. **Afrikaans Huistaal Seniors:**

   ’n Span mag uit leerders in graad 10 tot 12 bestaan. Leerders wat in die kategorie inskryf, se huistaal moet Afrikaans wees. Leerders wat Afrikaans tuis praat, moet onder Huistaal ingeskryf word, ongeag of hulle Afrikaans Eerste Addisionele Taal as vak neem.

4. **Afrikaans Eerste Addisionele Taal Seniors:**

   ’n Span mag uit leerders in graad 10 tot 12 bestaan. Leerders wat in die kategorie inskryf, se huistaal mag nie Afrikaans wees nie. Leerders wat Afrikaans tuis praat, moet onder Huistaal ingeskryf word, ongeag of hulle Afrikaans Eerste Addisionele Taal as vak neem.

# DIE TOESPRAAK

Leerders kan ’n oorredende, motiverende of vermaaklike toespraak aanbied. In al drie tipes toesprake is die volgende struktuur van belang:

‘n Beredeneerbare onderwerp wat ’n standpunt bevat, moet uit die tema geformuleer word. Die praatjie, met ten minste drie argumente, moet op navorsing berus en bronne moet oortuigend geïntegreer word. Voorbeelde en die leerder se eie verwysingsraamwerk moet ook betrek word in die praatjie. Leerders moet daarteen waak om slegs ’n vertelling te lewer.

**Oorredende toespraak:** Die doel is om die gehoor te oortuig van jou standpunt.

**Motiverende toespraak:** Die doel is om die gehoor te motiveer en hoop te gee. Die toon van die toespraak moet inspirerend wees.

**Vermaaklike toespraak:** Die doel is om die gehoor te vermaak. Die toon van die toespraak is informeel en humoristies.

# TYDSDUUR

5 tot 7 minute in totaal. Leerders word vir elke 10 sekondes, of deel daarvan, wat hulle oor die tydlimiet gaan, met 1 punt gepenaliseer.

# STRUKTUUR VAN DIE NOU PRAAT JY! SPANREDENAARS

Elke span bestaan uit twee sprekers. Spreker een stel die primêre standpunt wat in die inleiding beredeneer word. Wat die struktuur van die res van die toespraak aanbetref, het sprekers vrye teuels om te besluit watter argument, of deel daarvan, deur watter spreker aangebied word. Vir hierdie kompetisie is daar dus nie ’n bepaalde voorskrif rondom hoe die argumente tussen die sprekers verdeel word nie.

Die fokus is eerder op ’n spontane wisselwerking tussen die sprekers. Alhoewel elke spanlid ’n bepaalde rol speel, is dit belangrik dat hulle as ‘n span funksioneer en as ‘n eenheid gesien word.

Beide sprekers staan tydens die aanbieding van die toespraak. Rekwisiete is welkom, maar vermy liefs die oordrewe gebruik daarvan. Die doel is om die toespraak so natuurlik en gemaklik as moontlik oor te dra. Natuurlike gebare en lyftaal word aangemoedig.

# BEOORDEELSTAAT

***Aflaaibaar***

# INSKRYWINGS

**Inskrywingsvorm** – *aflaaibaar, klik* ***hier*** *om aanlyn in te skryf*

**Inskrywingsfooi:** R200 per span

**Sluitingsdatum vir inskrywings:** 8 Mei 2026

**Datum van *Nou praat jy!*-kompetisie:** 30 Julie 2026

**Venue:** Hoërskool Curro Durbanville

## ALGEMENE REËLS EN REGULASIES

- Leerders neem in hul skooluniform deel.
- In die geval waar leerders van die kompetisie onttrek, sal geen inskrywingsgeld terugbetaal word nie.
- Kreatiewe taalgebruik word aangemoedig. Streekstaal is welkom. Enige kru of aanstootlike taal sal egter nie geduld word nie en leerders sal hiervoor gepenaliseer word.
- Die beoordelaars se puntetoekenning en besluit is finaal.

## KONTAKBESONDERHEDE

Joline de Klerk | joline.d@curro.co.za

